Op Reis In Die Bybel Deel 11 - Handelinge

**Die boek Handelinge wys hoe die werk van Christus ná sy opstanding voortgaan deur die krag van die Heilige Gees in die lewe van die kerk.**

Handelinge 1:8 - ***"Maar wanneer die Heilige Gees oor julle kom, sal julle krag ontvang en oral mense eerstehands van My vertel – in Jerusalem, oor die hele Judea, in Samaria, en tot in die uithoeke van die aarde"*** **(Hand. 1:8, NLV).**

**Agtergrond oor Handelinge**

- Wanneer geskryf: 62–70 n.C.
- Skrywer: Lukas (die boek volg eintlik dadelik waar die Evangelie van Lukas eindig)
- Gerig aan: Theófilus en vroeë kerke
- Temas: Heilige Gees, sending, groei van die kerk
- Die term Christene word ook die eerste keer gebruik in die boek in Handelinge 11:26

**Raamwerk van die boek van Handelinge:**

1. Jerusalem – Die Kerk word gebore (hfst.1–7)
2. Judea en Samaria – Die Evangelie oorskry grense (hfst.8–12)
3. Tot aan die uiterste van die aarde – Paulus se sendingreise (hfst. 13–28)

1. **Historiese doel:**

**Lukas wys op die voortsetting van Jesus se werk ná sy Hemelvaart, nie meer deur sy fisiese teenwoordigheid nie, maar deur die Heilige Gees.**

2. **Geestelike doel:**

• Afhanklikheid van die Heilige Gees
• Die kerk se missionale roeping
• Volharding te midde van vervolging

Die vroeë kerk:

- het saam gebid
- saam geëet
- mekaar gehelp
- en alles gedeel

**Wonderwerke in Handelinge**

- genesing,
- bevryding,
- mense wat uit die dood opgewek word,
- gevangenis deure wat oopgaan,
- en selfs ’n skipbreuk waar Paulus oorleef.

3. **Christologiese doel:**

**Handelinge openbaar Jesus Christus as die opgestane en verhoogde Here wat, vanuit sy hemelse heerskappy, sy werk op aarde voortsit deur die Heilige Gees.**

**Bly getrou aan die waarheid, selfs wanneer dit moeilik raak**

As Christene is daar druk om:

- stil te bly oor ons geloof
- saam met die wêreld se waardes te beweeg
- kompromie te maak om aanvaar te word.

**Maar God roep ons nie om gewild te wees nie, Hy roep ons om getrou te wees.**

**Hou jou oë op Jesus, nie op die storm nie**

Ons almal beleef storms:

- finansiële druk,
- gesinsprobleme,
- siekte,
- teleurstelling,
- angs oor die toekoms,
- mense wat ons seermaak of verkeerd verstaan.

**En baie keer raak die “klippe” van die lewe so hard dat ons net die probleem sien**.

Handelinge 7:60 - **Hy het op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: “Here, moenie hierdie sonde teen hulle hou nie!” Met hierdie woorde het hy gesterf.**

**Dit wys vir ons dat wanneer ons oë op Jesus bly, verander Hy nie altyd onmiddellik ons omstandighede nie, maar Hy verander ons hart binne-in die omstandighede.**

- Wanneer jy oorweldig voel, kies om eers te bid voordat jy paniekerig raak.
- Vul jou hart met God se Woord eerder as net jou vrese.

- Herinner jouself daagliks dat Jesus steeds in beheer is, selfs wanneer dinge onseker voel.

**Stefanus het nie vrede gehad omdat sy situasie maklik was nie, hy het vrede gehad omdat Jesus naby was.**

**Die boek Handelinge wys vir ons hoe gewone mense, gevul met die Heilige Gees, die wêreld verander het deur hulle geloof in Jesus.**

Dit is ’n boek van

- krag,
- moed,
- vervolging en oorwinning,
- **maar bo alles ’n boek wat wys dat die evangelie nie gestop kan word nie.**

**Hy het vasgestaan in waarheid, sy oë op Jesus gehou en selfs in sy moeilikste oomblik God verheerlik.**

Dieselfde God wat deur Handelinge gewerk het, werk vandag nog deur Sy mense